Visie: Om mense te bemagtig om 'n impak in die gemeenskap te maak

BERGSIG Gemeenskapskerk

Denke — Ontwikkeling | Hart — Lief te hê | Hand — Te dien | Voet — Om uit te reik

**Back 2 Basics deel 7d**

**Verstaan die seisoen van God: Herfs - moenie die geleentheid mis nie.**

Patrick J van Rensburg

**Psa 139:16** You saw me before I was born. Every day of my life was recorded in Your book. Every moment was laid out before a single day had passed. (NLT)

**Ps 139:16** U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geen een van hulle daar was nie. (AOV)

## Herfs

Die tyd wat die einde van die groei seisoen aandui. 'n Tyd vir rigting, die evaluering van die vorige seisoen. Wat het ons reg of verkeerd gedoen? Wat kan ons volgende keer beter doen. Watter toerusting moet herstel word. Watter nuwe toerusting moet aangekoop word? Is daar genoeg voorraad vir die winter? Dit is gedurende die tyd wat dit lyk of dinge agteruitgaan.Dit is asof jy nie meer so in beheer is nie.

## Herfs in die natuur

Die vrugtetyd is verby. Blare verkleur en val af van die bome. Blomme neem af. Tekens van groei is min. Dae raak korter en nagte langer. Eerste tekens van koue verskyn.

## Herfs in jou huwelik

| | Winter | Lente | Somer | Herfs |
|---|---|---|---|---|
| **Emosies** | Seer, aggressie, teleurstelling, alleen, verwerping | Opgewondeheid, blydskap, hoop | Geluk, satisfaksie, doelwitbereiking, | Vrees, teleurstelling, gevoel van word nie waardeer nie |
| **Houding** | Negatief, fustrasie, hopeloosheid | Afwagting, Optimisme, liefde en vertroue | Vertroue, eed teenoor mekaar (commitment) ontspanne | Bekommerd, onsekerd, blameer |
| **Aksies** | Afbrekende, praat kras | Beplan, kommunikeer, soek hulp wanneer nodig het | Kommunikasie, aanvaar mekaar se verskille, groei geestelik | Verwaarlosing. Hanteer nie konflik nie |
| **Klimaat** | Koud, Wil nie verskille uitsorteer nie. Argumente. Partye bly maar net saam | Oop en gee om. Nuwe begin | Hanteer konflik op 'n positiewe wyse, drome kom in vervulling. Groei saam | Verwydering van mekaar |

**Herfs in jou Geestelike Lewe**

Geestelike afkoeling en jou lewe is nie so vrugbaar soos voorheen nie. Jy voel leeg en droog.Gebrek aan ywer.Groter inspanning en volharding is nodig.Wat moet my optrede in die herfs wees. Die herfs is ‘n tydperk waar besluite vinnig geneem moet word voordat die winter kom.Dit dui daarop dat dit in baie gevalle die laaste geleentheid is om nog voordeel uit ‘n saak te kry.Herfs is dui dus op laaste geleenthede wat benut moet word.

**Wat moet my optrede in die herfs wees?**

Herfs bied spesiale kanse en geleenthede aan ‘n mens om sekere belangrike sake van belang af te handel.

2 Tim 4:21 Beywer jou om voor die winter te kom.

Paulus is hier ‘n ou man wat in Rome gevange gehou was.Paulus was alreeds gevonnis en het nou net gewag vir sy teregstellingsdatum.Dit blyk dat dit vinnig sou gebeur.Hy vra naamlik vir Timotheus om gou te kom, voor die winter.Hy versoek hom om ook sy reismantel wat by Carpus agtergebly het saam te bring.Die afleiding wat ‘n mens kan maak is dat Paulus se teregstellingsdatum na die winter sou plaasvind.Dit lyk dus of dit herfs is en dat Paulus waarskynlik koud kry en vra vir sy reismantel.

In die winter tye het die skepe ook op die see gevaar nie en dus versoek Paulus, Timotheus om dadelik voor die winter te kom.Hierdie is dan ook die laaste keur wat hul mekaar sou kon sien. Dit is dus belangrik dat hy moes kom voor die winter, ander sou hy dit nie betyds gemaak het nie.

Herfstyd is dikwels daardie spesiale geleentheid – tyd – voordat die winter kom, voordat die kans verbygegaan het.

Jer 46:17b “hy het die bepaalde tyd laat verbygaan.”

Jer 46:17 “He missed his chance.‘ GNB

Daar kom tye in ons lewe, herfstye wanneer daardie spesiale geleenthede ons pad langs kom voor die winter, wat ons moet benut.Dit is juis hierdie geleenthede wat ons moet raak sien en benut.

**Herfs geleenthede**

1. Om jou sorg en liefde aan ander te bewys
2. Versteurde verhoudings te herstel
3. Vandag is ‘n geleentheid.

Heb 3:7 Daarom, soos die Heilige Gees spreek: Vandag as julle sy stem hoor, Heb 3:8 verhard julle harte nie soos in die verbittering, in die dag van die versoeking in die woestyn nie, Heb 3:9 waar julle vaders My versoek, My beproef het en my werke veertig jaar lank gesien het.

2 Kor 6:2 Want Hy sê: In die tyd van die welbehae het Ek jou verhoor, en in die dag van heil het Ek jou gehelp. Kyk, nou is dit die tyd van die welbehae; kyk, nou is die dag van heil.

**2Co 6:2** For God says, "At just the right time, I heard you. On the day of salvation, I helped you." Indeed, the "right time" is now. Today is the day of salvation. (NLT)